

Beeld, Die Burger en Volksblad Koerantplakboeke Nasionale Kompetisie

Aan : Skoolhoofde en die Departementshoof Afrikaans

U skool kan gerus hieraan deelneem:

1. VOORSKRIFTE

1.1 Algemene voorskrifte:

- 'n Leerder mag in **een of meer** kategorieë deelneem en **een of meer** plakboeke inskryf. **Die deelnemende skole kan van Januarie tot Augustus vir deelnemende leerlinge koerante via Beeld in Onderwys bestel teen R6.25 per koerant.**
- **Inskrywings moet gepos word aan Beeld in Onderwys Posbus 333 Aucklandpark 2006./Afgelewer word by Mediapark Kingsway 69 Aucklandpark/Beeld Pretoria H/V Rodericks en Lynnwood Exelpark by Esme Herbst. Alle inskrywings moet duidelik gemerk wees vir aandag Elize Engelbrecht Beeld in Onderwys. Skole kan soveel inskrywings stuur as wat hulle wil. Inskrywingsgeld beloop R50 per leerder en moet inbetaal word :**
Absa-tjekrek:4048931283 Takkode:632005
Rekeninghouer:Media24, Verwysing:KIOB+Plakboek+Leerder/skoolnaam.
- 'n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12). Laerskoolafdeling: (Graad 4-7)
- **Alle inskrywings moet die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- Alle inskrywings moet ons 15 September bereik en wenners sal einde Okt bekend gemaak word. Pryse sal einde Oktober aan nasionale wenners oorhandig word. **Die beoordelaars se beslissing op nasionale vlak is finaal. Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.**
- **Geen groepinskrywings** word in dié kategorie aanvaar nie.
- **Leerders kan óf Beeld, óf Die Burger óf Volksblad ('n minimum van 10 uitgawes) vir die samestelling van die koerantplakboek gebruik.**
- **Slegs EEN koerant (bv. Beeld/Volksblad/ Die Burger) mag per plakboek gebruik word.**
- Inskrywings sal geenaliseer word wanneer::
- inskrywings nie aan **kategorievoorskrifte** voldoen nie
 - **plagiaat** gepleeg word
 - **kopiereg** nie reg hanteer word nie
 - **inskrywingsgeld nie betaald is nie**
 - **inskrywings laat ontvang word**

1.2 Spesifieke voorskrifte:

- Voorskrifte van die subkategorieë moet goed gelees en **behoorlik uitgevoer** word.
- Leerders kies slegs **een subkategorie** per plakboek.

- Die koerantplakboek moet **interessant** aangebied word.
- Die koerantplakboek mag **nie groter as A4** wees nie. Enigiets groter sal gepenaliseer word.
- **Oorspronklike koerantberigte/foto's/resensies** moet gebruik word – **geen fotostate of internetartikels mag gebruik word nie!**
- Verskillende uitgawes van slegs **een koerant** mag gebruik word vir 'n plakboek, m.a.w. óf *Beeld*, óf *Volksblad* óf *Die Burger*. Nie bv. *Beeld* en *Volksblad* nie.
- **Geen tydskrifte** mag gebruik word nie.
- Die koerantplakboek moet **netjies versorg** word.
- Gee 'n **volledige bibliografie** van die koerantuitgawes

Onderwerpe (geen negatiewe temas mag gekies word nie):

- Mense en hulle dinge
- Afrikaans – kubertiener
- Kom ons lag 'n slag

2. OPDRAGTE

RESENSIES

(Hierdie subkategorie is vir leerders van graad 10-12.)

Opdrag:

- Knip **10 resensies** van Afrikaanse boeke/Afrikaanse fliëks/Afrikaanse toneelstukke/Afrikaanse musiek-CD's, wat tussen Januarie tot Aug verskyn het, uit óf *Die Burger*, óf *Beeld* óf *Volksblad* en plak dit in jou koerantplakboek.
- Lewer **bewys** dat jy die resensies deeglik deurgelees en bestudeer het. Dink self aan kreatiewe maniere om dit te bewys. Jy kan bv. op die teenoorstaande bladsy al die interessante beskrywende woorde / frases / idioome uit die resensie oorskryf.
- Lees een van die boeke of gaan sien een van die fliëks of toneelstukke of luister na een van die CD's waarvan jy die resensie uitgesny het en **skryf jou eie resensie daaroor** – 250-280 woorde.
- Onthou 'n resensie is 'n verslag oor die boek/fliëk/CD/toneelstuk.

Hou die volgende in gedagte:

- Gee die **gegewens** van die boek/fliëk/toneelstuk/CD (naam, skrywer, uitgewer, prys, aantal bladsye, ens.).
- Jy kan iets van ander boeke/fliëks/CD's/toneelstukke (dramas) van die skrywer sê.
- Vertel die verhaal in **hoof trekke**, maar moet **nooit die einde gee nie**.
- Dui die **tema** aan. Die tema is die sentrale gedagte of boodskap wat die toneel/boek/fliëk/CD wil deurgee.
- Dui die **positiewe en negatiewe** aan soos jy dit ervaar het.
- Vir watter betrokke **ouderdomsgroep** of liefhebbers van 'n spesifieke aktiwiteit of plek kan jy dit aanbeveel, bv. die boek is 'n avontuurverhaal wat tot avontuurlustige mense sal spreek.
- Skep jou eie **interessante titel** vir die koerantplakboek wat die leser sal prikkel.
- Lewer ook kommentaar oor die **skryfstyl, spanningslyn en karakterontwikkeling** (by boeke) en die **vertolking, spel, interpretasie, dekor en spesiale effekte** (by tonele of films).

SPOTPRENTE

(Hierdie subkategorie is vir leerders van graad 8-12.)

Opdrag:

- Knip **10 spotprente** uit koerante wat tussen Januarie tot Aug verskyn het, bv, óf *Beeld*, óf *Die Burger* óf *Volksblad*.
- Plak dit in jou koerantplakboek.
- Interpreteer die spotprent aan die hand van die volgende, bv. **humor / satire / ironie / lewenswaarhede / simboliek**.
- Beskryf die **omstandighede** wat **aanleiding** gegee het tot die spotprent en gee bewyse uit die koerante.
- Skep jou eie **interessante titel** vir die koerantplakboek wat die leser sal prikkel.
- Kies 'n berig uit die koerant en skep jou eie spotprent. Dit kan **geteken** word of in die vorm van 'n **collage** aangebied word.

IDIOME

(Hierdie subkategorie is vir leerders van graad 8-12.) en vir graad 4-7

Opdrag A:

- Knip **minstens 10 idiome/idiomatiese uitdrukkings** (bv. *maak skoonskip*) uit óf *Beeld* óf *Die Burger* óf *Volksblad* en plak dit in die koerantplakboek. Gebruik koerante wat tussen Januarie tot Aug verskyn het.
- Gee die **betekenis** van die idiome/idiomatiese uitdrukkings. Raadpleeg 'n erkende woordeboek daarvoor en gee 'n **volledige bibliografie**.
- Knip nou **prente uit die koerante** wat die idiome/idiomatiese uitdrukkings se betekenis die beste uitbeeld. **Onthou die prent moet pas by die betekenis van die idioom en nie by die idioom self nie.**
- Doen **navorsing oor 2** van hierdie idiome/idiomatiese uitdrukkings, dui die **herkoms** aan en ook in **watter streke** dit veral voorkom, ens.

EN

Opdrag B:

- Knip **minstens 10 prente** uit koerante wat tussen Januarie en Aug verskyn het waarby jy 'n passende idioom/idiomatiese uitdrukking kan gee, en plak dit in die koerantplakboek.
- **Skep/vind/pas enige idioom/idiomatiese uitdrukking by die bepaalde foto.** Dit hoef nie in die koerant te wees nie. Hiervoor kan 'n woordeboek gebruik word. Gee 'n **toepaslike bibliografie** van boek/e wat gebruik is.
- Gee die **betekenis** van die idiome/idiomatiese uitdrukkings. Raadpleeg 'n woordeboek en gee 'n **volledige bibliografie**. **Onthou, die prent moet pas by die idioom/idiomatiese uitdrukking se betekenis en nie by die idioom self nie.**
- Doen **navorsing oor 2** van hierdie idiome/idiomatiese uitdrukkings, dui die **herkoms** aan en ook in **watter streke** dit veral voorkom, ens.
- Skep jou eie **interessante titel** vir die koerantplakboek wat die leser sal prikkel.

KOPPE

(Hierdie subkategorie is vir leerders van graad 8-9) en vir graad 4-7

Opdrag:

- Kies **minstens 20 treffende berigte** uit óf *Die Burger*, óf *Beeld* óf *Volksblad* wat tussen Januarie tot Aug verskyn het en plak dit in die koerantplakboek.

- Gee vir **elke berig 'n nuwe kop** (m.a.w. opskrif). Onthou dat koppe **treffend** en **so kort as moontlik** moet wees. Dit moet ook verkieslik 'n werkwoord bevat.
- Daar kan 'n bo-kop ('n ekstra opskrif bo die hoofopskrif) asook 'n onderkop ('n ekstra opskrif onder die hoofopskrif) wees. Jy kan ook jou inisiatief hier gebruik.
- Skep jou eie **interessante titel** vir die koerantplakboek wat die leser sal prikkel.

KOERANTPLAKBOEK NASIONALE**Kompetiesie**

Skool _____

Naam en van: _____

Geslag: _____

Graad: _____

Kategorie _____

Titel van inskrywing: _____

Leerder se moedertaal: _____

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening: Onderwyser

Leerder

Handtekening van onderwyser:

Hierdie kategorie nasionaal beoordeel.**Oorspronklikheid en kreatiwiteit**

___/10

- Is die resensie wat geskryf is, oorspronklik?
- Is die aantal resensies voldoende?
- Word die plakboek kreatief aangebied?

Keuse van materiaal

___/ 10

- Is 'n goeie keuse van die materiaal gemaak?
- Indien daar 'n deurlopende tema in die koerantplakboek is, word daar by die tema gehou?

Bronhantering

___/ 5

- Word die bron/ne reg hanteer?
- Word genoegsame erkenning gegee aan die stof uit die onderskeie koerante?
- Word slegs 1 koerant (bv. net *Beeld*) gebruik?

Eie bydrae

___/ 20

- Is die resensie wat geskryf is, goed en taalversorg?
- Kon jy agterkom of die leerder die boek gelees, die rolprent/toneelstuk gesien of na die CD geluister het?
- Is die resensie wat geskryf is, 'n opsomming of slegs enkele kerngedagtes?
- Is die aanbieding treffend?
- Voldoen dit aan die eienskappe van 'n resensie?
- Is daar genoegsame agtergrondkennis?
- Prikkel die resensie die leser om die boek te lees, die rolprent of toneelstuk te sien of na die CD te luister?
- Het die resensie 'n toepaslike titel?

Tegniese versorging

___/ 5

- Taal
- Spelling
- Finale afronding

Totaal uit 50:

x 2 = _____%

Beoordelaar se handtekening

Datum

Kommentaar _____

Skool _____

Naam en van: _____

Geslag: _____

Graad: _____

Titel van inskrywing: _____

Leerder se moedertaal: _____

KOERANTPLAKBOEK NASIONALE

KOMPETISIE

EVALUERINGSVORM: KOERANTPLAKBOEKE

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening: Onderwyser

Leerder

Hierdie kategorie nasionaal beoordeel.

Oorspronklikheid en kreatiwiteit

___/10

- Word die plakboek kreatief aangebied?
- Is die aantal spotprente voldoende?
- Is die spotprent wat geteken is, kreatief en pas dit by die berig?

Keuse van materiaal

___/ 10

- Is 'n goeie keuse van die materiaal gemaak?
- Indien daar 'n deurlopende tema in die koerantplakboek is, word daar by die tema gehou?

Bronhantering

___/ 5

- Word die bron/ne reg hanteer?
- Word genoegsame erkenning gegee aan die stof uit die onderskeie koerante?
- Word slegs 1 koerant (bv. net *Beeld*) gebruik?

Eie bydrae

___/ 20

- Is die interpretasie van die spotprent aan die hand van bv. humor/satire/ironie/leuenswaarhede/simboliek goed?
- Is die beskrywing van omstandighede wat aanleiding gegee het tot die spotprent korrek verwoord?
- Is daar genoegsame bewyse uit die koerante om die spotprent te staaf?
- Is die aanbieding treffend?
- Het die plakboek 'n toepaslike titel?

Tegniese versorging

___/ 5

- Taal
- Spelling
- Finale afronding

Totaal uit 50:

x 2 = _____%

Beoordelaar se handtekening

Datum

Kommentaar _____

Skool _____

Naam en van: _____

Geslag: _____

Graad: _____

Kategorie _____

Titel van inskrywing: _____

Leerder se moedertaal: _____

**KOERANTPLAKBOEK NASIONALE
KOMPETISIE**

EVALUERINGSVORM: KOERANTPLAKBOEKE

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening: Onderwyser

Leerder

LET WEL: Hierdie kategorie word provinsiaal en nasionaal beoordeel.

Oorspronklikheid en kreatiwiteit ___/10	<ul style="list-style-type: none"> • Is die idiome oorspronklik en nuut? • Word die plakboek kreatief aangebied?
Keuse van materiaal ___/ 10	<ul style="list-style-type: none"> • Is 'n goeie keuse van die materiaal gemaak? • Vorm die keuse van die materiaal 'n eenheid? • Indien daar 'n deurlopende tema in die koerantplakboek is, word daar by die tema gehou?
Bronhantering ___ / 5	<ul style="list-style-type: none"> • Word die bron/ne reg hanteer? • Word genoegsame erkenning gegee aan die stof uit die onderskeie koerante? • Is daar 'n bibliografie van boeke gebruik vir die verklarings? • Word slegs 1 koerant (bv. net <i>Beeld</i>) gebruik?
Eie bydrae ___ / 20	<ul style="list-style-type: none"> • Word interessante woordeskat en taalgebruik gebruik? • Is die aanbieding (m.a.w. die idiome) treffend? • Is slegs bekende idiome gebruik, of is daar ook onbekende idiome? • Is die verklarings korrek? • Is daar 'n verklaring by elke idioom? • Het die plakboek 'n toepaslike titel? • Is die navorsing wat gedoen is oor die 2 idiome, korrek?
Tegniese versorging ___ / 5	<ul style="list-style-type: none"> • Taal • Spelling • Finale afronding

Totaal uit 50: x 2 = _____%

Beoordelaar se handtekening

Datum

Kommentaar _____

Skool : _____

Naam en van: _____

Geslag: _____

Graad: _____

Kategorienommer: _____

Titel van inskrywing: _____

Leerder se moedertaal: _____

**KOERANTPLAKBOEK NASIONALE
KOMPETISIE**

**EVALUERINGSVORM: KOERANTPLAKBOEKE
– KOPPE**

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening: Onderwyser **Leerder**

LET WEL: Hierdie kategorie word provinsiaal en nasionaal beoordeel.

Oorspronklikheid en kreatiwiteit ____/10	<ul style="list-style-type: none"> • Is die koppe wat geskryf is, oorspronklik? • Is die aantal koppe voldoende? • Word die plakboek kreatief aangebied?
Keuse van materiaal ____/ 10	<ul style="list-style-type: none"> • Is 'n goeie keuse van die materiaal gemaak? • Indien daar 'n deurlopende tema in die koerantplakboek is, word daar by die tema gehou?
Bronhantering ____/ 5	<ul style="list-style-type: none"> • Word die bron/ne reg hanteer? • Word genoegsame erkenning gegee aan die stof uit die onderskeie koerante? • Word slegs 1 koerant (bv. net <i>Beeld</i>) gebruik?
Eie bydrae ____/ 20	<ul style="list-style-type: none"> • Is die koppe wat geskryf is, goed en taalversorg? • Is die kop so treffend by elke berig dat dit die leser prikkel om die berig te lees? • Pas die kop wat geskryf is, goed by die berig? • Is die aanbieding treffend? • Voldoen dit aan die eienskappe van 'n kop? Naamlik kort, kragtig, interessant, prikkelend, woordeonomies met 'n werkwoord • Is bo- en onderkoppe gepas (indien daar is)? •
Tegniese versorging ____/ 5	<ul style="list-style-type: none"> • Spelling • Finale afronding

Totaal uit 50: x 2 = _____% _____

Beoordelaar se handtekening **Datum**

Kommentaar _____
